




VAK EN GRAAD	Rekenaartoeëpassingstegnologie Graad 12	
KWARTAAL EN WEEK	Kwartaal 2 Week 2	
ONDERWERP	Sosiale implikasies	
DOELSTELLINGS VAN DIE LES	Die les beoog om die bewustheid van veiligheidskwessies rondom die gebruik van IKT te bevorder en te bou op die begrip van die verantwoordelike gebruik van IKT's.	
HULPBRONNE	Papiergebaseerde bronne	Digitale bronne
	Sien digitale bronne	<p>DBO. (2019). <i>Rekenaartoeëpassingstegnologie Graad 12-teorieboek</i>. Pretoria: DBO. Besikbaar by https://bit.ly/catgr12theory</p> <p>VRAESTEL Feb-Mrt (2016). DBO.</p> <p>VRAESTEL Feb-Mrt (2017). DBO.</p> <p>VRAESTEL Feb-Mrt (2018). DBO.</p> <p>VRAESTEL Jun (2016). DBO.</p> <p>VRAESTEL Jun (2017). DBO.</p> <p>VRAESTEL Jun (2018). DBO.</p> <p>VRAESTEL Nov (2016). DBO.</p> <p>VRAESTEL Nov (2017). DBO.</p> <p>VRAESTEL Nov (2018). DBO.</p> <p>VRAESTELBOEKIES. (2020). Besikbaar by https://bit.ly/cat2020t2w2</p>
INLEIDING	Die tyd is lankal verby toe IKT's so skaars en nuut was dat die blote feit dat hulle gewerk het, op sigself 'n wonderwerk was. Die wêreld waarin ons leef, het grotendeels 'n eksponentiële groei gesien in die gebruik van tegnologie wat veral deur die internet moontlik gemaak word. Terwyl hierdie vinnige groei baie voordele vir die samelewing inhou, in die	



	<p>omgewing waar sekuriteit dikwels onbewus agterweë gelaat word, het dit aan misdadigers verskeie geleenthede gebied om die burgers uit te buit, en mens moet met basiese vaardighede toegerus word om potensiële risiko's in die gebruik van IKT's te hanteer.</p> <p>Die les sal op die volgende graad 11 konsepte voortbou:</p> <ul style="list-style-type: none">● Ongemagtigde toegang;● Etiese gebruik van netwerke;● Netwerkveiligheid en sekuriteitskwessies;● Privaatheidskwessies● Hoe IKT's die werkplek en indiensnemingspraktyke beïnvloed● Sosiale manipulasie;● Data beskerming;● Rekenaarmisbruik;● Wanware en sekuriteitsprogrammatuur;● E-handel en e-bankdienste		
BEGRIPE EN VAARDIGHEDE	<table border="1"><tr><td data-bbox="510 873 1346 1403"><ul style="list-style-type: none">● Rekenaarmisdade met betrekking tot hardeware, sagteware, inligting, identiteitdiefstal, diefstal van bandbreedte, diefstal van tyd en dienste (DBO, 2019, bl. 118-120);● Internet-verwante bedrog swendelary (DBO, 2019, bl. 120);● Veiligheidskwessies (DBO, 2019, bl. 123-125);● Hantering van veiligheidsbedreigings (DBO, 2019, bl. 126);● Veiligheidsmaatreëls teen misdadigers, virusse en bedreigings (DBO, 2019, bl. 126-128);● Die impak van verspreide rekenaarkrag (DBO, 2019, bl. 129).</td><td data-bbox="1346 873 1948 1403"><p><i>KAN JY ...</i></p><ul style="list-style-type: none">● voorbeelde gee van ongemagtigde toegang?● verduidelik hoe IDV's die etiese gebruik van netwerke deur hul kliënte beskerm?● netwerksekuriteitskwessies identifiseer en strategieë opnoem om hulle te voorkom?● verduidelik hoe gebruikers se privaatheid deur die gebruik van netwerke in die gedrang kan kom?● voorbeelde gee van hoe IKT's in die werkplek misbruik kan word?</td></tr></table>	<ul style="list-style-type: none">● Rekenaarmisdade met betrekking tot hardeware, sagteware, inligting, identiteitdiefstal, diefstal van bandbreedte, diefstal van tyd en dienste (DBO, 2019, bl. 118-120);● Internet-verwante bedrog swendelary (DBO, 2019, bl. 120);● Veiligheidskwessies (DBO, 2019, bl. 123-125);● Hantering van veiligheidsbedreigings (DBO, 2019, bl. 126);● Veiligheidsmaatreëls teen misdadigers, virusse en bedreigings (DBO, 2019, bl. 126-128);● Die impak van verspreide rekenaarkrag (DBO, 2019, bl. 129).	<p><i>KAN JY ...</i></p> <ul style="list-style-type: none">● voorbeelde gee van ongemagtigde toegang?● verduidelik hoe IDV's die etiese gebruik van netwerke deur hul kliënte beskerm?● netwerksekuriteitskwessies identifiseer en strategieë opnoem om hulle te voorkom?● verduidelik hoe gebruikers se privaatheid deur die gebruik van netwerke in die gedrang kan kom?● voorbeelde gee van hoe IKT's in die werkplek misbruik kan word?
<ul style="list-style-type: none">● Rekenaarmisdade met betrekking tot hardeware, sagteware, inligting, identiteitdiefstal, diefstal van bandbreedte, diefstal van tyd en dienste (DBO, 2019, bl. 118-120);● Internet-verwante bedrog swendelary (DBO, 2019, bl. 120);● Veiligheidskwessies (DBO, 2019, bl. 123-125);● Hantering van veiligheidsbedreigings (DBO, 2019, bl. 126);● Veiligheidsmaatreëls teen misdadigers, virusse en bedreigings (DBO, 2019, bl. 126-128);● Die impak van verspreide rekenaarkrag (DBO, 2019, bl. 129).	<p><i>KAN JY ...</i></p> <ul style="list-style-type: none">● voorbeelde gee van ongemagtigde toegang?● verduidelik hoe IDV's die etiese gebruik van netwerke deur hul kliënte beskerm?● netwerksekuriteitskwessies identifiseer en strategieë opnoem om hulle te voorkom?● verduidelik hoe gebruikers se privaatheid deur die gebruik van netwerke in die gedrang kan kom?● voorbeelde gee van hoe IKT's in die werkplek misbruik kan word?		



		<ul style="list-style-type: none">• verduidelik wat sosiale manipulasie is deur spesifieke voorbeelde te gee?• onthou hoe rekenaargebruikers en ondernemings hul data kan beskerm?• verduidelik waarom wanware en sekuriteitsagteware nodig is en hoe hulle werk?• 'n veilige manier om e-handel en e-bankdienste te gebruik, beskryf?
AKTIWITEITE / ASSESSERING	Rekenaarmisdade, bedrog swendelary - Aktiwiteit 5.1 (DBO, 2019, bl. 122) Veiligheidskwessies - Aktiwiteit 5.2 (DBO, 2019, bl. 125) Hantering van en beskerming teen veiligheidsbedreigings - Aktiwiteit 5.3 (DBO, 2019, bl.128) Die impak van verspreide rekenaarkrag - sien vasleggingsaktiwiteite.	
VASLEGGING	<p>In hierdie les het ons geleer oor die nadele van IKT's soos rekenaarmisdade en bedrog swendelary, verskillende IKT-sekuriteitskwessies met bedreigings en maniere om hulle te hanteer. Ons het ook geleer oor die nut van IKT's in die vorm van verspreide rekenaarkrag.</p> <p>Vasleggingsaktiwiteite: Hersieningsaktiwiteit (DBO, 2019, bl. 130-132)</p> <p>Vrae uit onlangse DBO-vraestelle:</p> <ul style="list-style-type: none">• Noem EEN potensiële negatiewe uitwerking of gevolg van die gebruik van roofkopiesagteware ('pirated software'). (1) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2016, bl. 7.4)• Noem TWEE aanduidings wat daarop kan dui dat 'n e-pos moontlik 'n uitvissing ('phishing')-e-pos kan wees. (2) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2016, bl. 7.5)• Jy moet 'n klein program (.exe)-lêer as 'n e-posaanhegsel stuur, maar die e-posprogram sê dat dit nie .exe-lêers kan aanvaar nie. (VRAESTEL Feb-Mrt, 2016, bl. 7.6.1-7.6.2)	



Wat is die waarskynlikste rede waarom e-posprogramme opgestel word om programme of uitvoerbare (.exe) lêers te verwerp of te blokkeer? (1)

Stel 'n manier voor waarop jy die e-posprogram kan flous om hierdie lêer as 'n aanhegsel te aanvaar. (1)

- Noem EEN moontlike manier om te voorkom dat ander gebruikers jou in foto's op Facebook etiketteer ('tag').(1) (VRAESTEL Jun, 2016, bl. 7.4)
- Rekenaars kan op 'n afstand ('remotely') deur misdadigers beheer word. (VRAESTEL Nov, 2016, bl. 7.4)


Wat is die algemene naam vir 'n groep rekenaars wat oorgeneem is en op 'n afstand deur misdadigers beheer word? (1)

Gee EEN voorbeeld van 'n kriminele of kwaadwillige taak wat hierdie groepe rekenaars kan uitvoer. (1)


- Hoekom sou sleutelvasleggersagteware ('keylogger software') geen skadelike uitwerking hê indien dit op 'n rekenaar geïnstalleer word wat nooit aan 'n netwerk of die Internet gekoppel word nie? (1) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2017, bl. 7.1)
- Verduidelik wat uitvissing ('phishing') is EN hoekom die opdatering van jou antivirusprogram nie sal voorkom dat jy 'n slagoffer van uitvissing word nie. (2) (VRAESTEL Feb-Mrt. 2017, bl. 7.4)
- Noem TWEE etiese oorwegings om in gedagte te hou wanneer jy aan iemand anders se Internetkonneksie koppel. (2) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2017, bl. 7.5)
- Definieer aanlyn identiteitsdiefstal. (1) (VRAESTEL Jun, 2017, bl. 7.1)
- Gee TWEE voorbeelde van 'n situasie waar die reg op toegang tot inligting belangriker as die reg op privaatheid kan wees. (2) (VRAESTEL Jun, 2017, bl. 7.2)
- Noem die rekenaarmisdaad wat te doen het met die aanlyn pos van vals inligting/beskuldigings oor 'n ander persoon. (1) (VRAESTEL Nov, 2017, bl. 7.1)




- Stel TWEE reëls vir 'n aanvaarbare gebruiksbeleid (AGB/'AUP') in 'n skoolrekenaarsentrum met Internettoegang voor. (2) (VRAESTEL Nov, 2017, bl. 7.2)
- 'n Maatskappy stoor die persoonlike inligting van sy kliënte.
Stel TWEE riglyne vir die maatskappy voor om kliëntedata eties te bestuur. (2) (VRAESTEL Nov, 2017, bl. 7.4)
- Gee EEN aanduiding dat 'n boodskap wat jy ontvang het, 'n gekskeerdery ('hoax') is. (1) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2018, bl. 7.1)
- Noem TWEE maniere waarop IKT's ('ICTs') die werkplek negatief kan beïnvloed. (2) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2018, bl. 7.2)
- Waarom is regerings bekommerd oor die uitgebreide gebruik van Bitcoin? (2) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2018, bl. 7.3)
- Behalwe vir kullery, bespreek TWEE redes waarom sommige skole die gebruik van slimfone verbied. (2) (VRAESTEL Feb-Mrt, 2018, bl. 7.6)
- Gee TWEE voorbeelde van hoe sosiale manipulasie ('social engineering') gedoen word. (2) (VRAESTEL Jun, 2018, bl. 7.2)
- 'n Virtuele privaat netwerk ('virtual private network') (VPN) laat 'n gebruiker anoniem bly terwyl hy/sy op die internet is.
Gee TWEE redes waarom sommige regerings VPN-toegang vir hulle burgers blokkeer. (2) (VRAESTEL Jun, 2018, bl. 7.4)
- Gee TWEE wenke vir die verantwoordelike gebruik van sosiale media om te voorkom dat dit ander mense aanstoot gee. (2) (VRAESTEL Jun, 2018, bl. 7.5)
- 'n Gebruiker deel soms sy/haar persoonlike besonderhede wanneer sosiale media gebruik word, bv. 'n selfoonnommer of 'n e-posadres.
Waarom moet 'n gebruiker goed daarvoor dink voordat hy/sy dié inligting op sosialemedia-webtuistes deel?(1) (VRAESTEL Nov, 2018, bl. 7.1)



- Noem TWEE maniere waarop 'n stelseladministrateur 'n netwerk teen kuber-krakers ('hackers') kan beskerm.(2)
(VRAESTEL Nov, 2018, bl. 7.2)
- Verduidelik waarom jy wil hê dat jou vriend 'n privaat deurblaaiërmodus ('private browsing mode'), soos incognito-modus, gebruik wanneer hy jou rekenaar gebruik om op sy webgebaseerde e-posdiens aan te teken.(2) (VRAESTEL Nov, 2018, bl. 7.4)
- Watter EEN van die volgende is NIE 'n voordeel van ruitnetrekenariserings ('grid computing') NIE? (VRAESTEL Nov, 2018, bl. 1.5)
 - A Dit laat toe dat hoë volumes data verwerk kan word.
 - B Dit spaar elektrisiteitskoste en datagebruikskoste.
 - C Die aantal rekenaars wat in 'n ruitnet gebruik word, kan verskil.
 - D Dit kombineer die verwerkingskrag van baie rekenaars. (1)
- Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg. (VRAESTEL Nov, 2017, bl. 7.5)
LET WEL: Neem aan dat BANKZA die naam van 'n wettige SA-bank is.



http://bankza.com.ua/login.jsp



Logon Registration

URGENTLY updaterd you detail

Logon |

Logon details

Enter your access account number

Enter your PIN

Enter your user number

It is your responsibility to ensure the secrecy of your PIN number.

Keypad

1	2	3
4	5	6
7	8	9
←	0	C

EN Verander na Afrikaans Reset PIN

Reset Next

Identifiseer die tipe bedrogspul ('scam') wat in die prent hierbo voorgestel word. (1)

Noem TWEE maniere waarop 'n gebruiker dit as 'n bedrogspul ('scam') kan identifiseer. (2)

WAARDES

Digitale burgerskap: veilige en verantwoordelike gebruik van tegnologie deur almal wat rekenaars, die internet en digitale toestelle gebruik om op enige vlak met die samelewing te skakel.